

SARS VERWELKOM HOOGGEREGSHOFUITSPRAAK OOR MNR. ROUX SHABANGU

Tshwane, 18 Oktober 2024 - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, het die beslissing deur die Gauteng-Noord Hooggeregshofafdeling verwelkom wat mnr. Ngwane Roux Shabangu toerekenbaar hou vir sy versuim om uitstaande belastinge aan SARS te betaal wat deur hom en sy verbonde entiteite verskuldig is.

Mnr. Shabangu het verskeie sake-belange in die konstruksie- en eiendomsindustrie.

Na uitgebreide en uitgerekte pogings deur SARS om die uitstaande belastingeskuld sedert 2019 in te vorder en om te verhoed dat enige realiseerbare bates verdwyn wat verdere frustrasie sou veroorsaak met die invordering van die volle verskuldigde bedrag, het SARS om 'n bewaringsbevel ingevolge artikel 163 van die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011, aansoek gedoen.

Die bewaringsbevel is teen Majestic Silver 275 (Edms) Bpk. ingedien wat die hoof eiendombeheermaatskappy is wat deur mnr. Shabangu en sy familieledede in hul kapasiteite as lede van die Roux Shabangu Familietrust gebruik word.

In wat geblyk het na 'n uitstellingstaktiek om die toestaan van die finale bewaringsbevel te verhoed, het Majestic Silver 275 (Edms) Bpk. aansoek gedoen om vrywillige sakeredding wat uiteraard 'n algemene moratorium op alle wetlike verrigtinge teen die maatskappy sou plaas vanaf die datum van intreding van sakereddingsprosesse.

SARS het sy sakereddingspoging teengestaan en in Februarie 2023 'n voorlopige bewaringsbevel verkry wat die moratorium, wat ingevolge artikel 133 van die Wet op Maatskappye, nr. 71 van 2008, ingestel is, ten gunste van SARS gelig en 'n kurator bonis aangestel om beheer te neem van die belange van Majestic Silver 275 (Edms) Bpk., mnr. Shabangu en sy familieledede as trustees van die Roux Shabangu Familietrust.

SARS het in April 2024 'n finale bewaringsbevel teen Majestic Silver 275 (Edms) Bpk. en die ander respondente bekom.

Die sakereddingsverrigtinge van Majestic Silver 275 (Edms) Bpk. is ter syde stel en beëindig.

'n Beslissing is ook gemaak om likwidasie-aansoeke teen mnr. Shabangu se maatskappye in te stel en om sekwestrasie-aansoeke teen mnr. Shabangu en die Roux Shabangu Familietrust, waarvan hy 'n trustee is, ingevolge artikel 177 van die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011, in te stel.

Die likwidasie- en sekwestrasie-aansoeke is in September 2024 in die Gauteng-Noord Hooggeregshof aangevoer.

Die hof het na behoorlike beraadslaging 'n finale likwidasie teen een maatskappy en drie voorlopige bevels teen die ander maatskappye, mnr. Shabangu en sy familieledede as trustees van die Roux Shabangu Familietrust toegestaan.

SARS Kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het gesê: "Die uitkomst van die bogenoemde aansoeke dien as voorbeelde van SARS se voorneme om deur die korporatiewe sluier te dring in sy pogings om sy wetlike mandaat te vervul met die invordering van alle gelde wat aan die land se fiskus verskuldig is.

Die sekwestrasiebevel wat teen die trust toegestaan is, is van besondere belang omdat dit SARS se pogings beklemtoon om belastingnakoming af te dwing teen diskresionêre trusts wat algemeen gebruik word as middele vir die ontduiking van belasting.

SARS sal nie afwyk van sy pad om almal sonder aansien des persoons of vooroordeel te vervolg nie.

Ek hoop dat hierdie aansoek almal wat hierdie roete wil volg sal ontmoedig."

Vir meer inligting, kontak SARS asseblief by SARSMedia@sars.gov.za.